The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

RAPPORT SAKE24 2016/06/26 Page: 6

AVE: 123740.82 (ZAR)

'n Deursnit van die museum. Die atrium is in die middel. Aan weerskante is 'n voorstelling van tradisionele uitstalruimtes met wit mure.

Die ongebruikte en vervalle graansilo's by die V&A Waterfront word omgeskep in 'n museum vir kontemporêre Afrika-kuns. | FOTO: MARC HOBERMAN

Dié goudmyn gedy!

Kuns moet mense in toekoms steeds na V&A Waterfront lok

Aldi Schoeman

Die kunsmuseum wat in die V&A Waterfront in Kaapstad gebou word, is 'n "filantropiese projek" wat waarskynlik nie gaan geld maak nie. Maar dit sal die besoekersgetalle verhoog en prominente huurders lok na die kantoorgeboue wat langsaan gebou word.

Die Zeitz-museum vir kontemporêre Afrika-kuns (Zeitz MOCAA), wat na verwagting in September 2017 voltooi sal wees, word teen sowat R500 miljoen in die ou silo's gebou waar in die vorige eeu graan gestoor is voordat dit na die res van die wêreld uitgevoer is.

Die totale waarde van die ontwikkeling by die Waterfront, waaronder ook wooneenhede en kantoorgeboue langs die museum, is sowat R3 miljard. Dit is die grootste belegging in die Waterfront sedert die nuwe eienaars, die eiendomsreus Growthpoint en die Openbare Beleggingskorporasie (OBK), dit in 2011 gekoop het.

Die museum word vergelyk met onder meer die Metropolitan Museum of Art (alombekend as die Met) in New York, die Tate Modern in Londen en die Pompidou in Parys.

Werke van elkeen van die bekendste kunstenaars van Suid-Afrika gaan in die Zeitz MOCAA uitgestal word, sê Mark Coetzee, kurator van die museum.

Bekende kunstenaars soos William Kentridge, Marlene Dumas en David Brown, asook jong sterre soos Nandipha Mntambo en Nicholas Hlobo se werke is reeds in die museum se permanente versameling danksy die skenking van die Duitse sakeman Jochen Zeitz se versameling. Verskeie ander skenkings van oor die wêreld heen is ook al ontvang.

Kunswerke van kunstenaars van al 54 lande van Afrika, asook werke vanuit ander vastelande sal in die versameling wees.

Volgens Coetzee behoort enige stad wat daarop wil roem dat dit 'n internasionale bestemming is, kulturele geriewe soos 'n groot kunsmuseum te hê.

Besoekersgetalle aan kontemporêre kunsmuseums het die afgelope tien jaar gegroei.

"As dit nie by die Waterfront was nie, sou ons nooit gedink het om dit te doen nie," sê Norbert Sasse, uitvoerende hoof van Growthpoint. Volgens hom is die groei in omset van die Waterfront byna dubbel die gemiddeld van die res van hul kleinhandel-portefeulje.

Growthpoint besit benewens sy 50%-belang in die Waterfront ook verskeie ander winkelsentrums, kantoorgeboue en nywerhede in Suid-Afrika en Australië. Luidens sy webtuiste is die totale waarde van sy eiendomme R100,4 miljard.

Die OBK, wat onder meer staatspensioenfondse bestuur en volgens sy webtuiste een van die grootste beleggingsbestuurders in Afrika is, besit die ander 50%. Hy bestuur bates van meer as R1,8 triljoen.

Sasse sê die rede waarom hulle die museum bou, is eintlik omdat hulle die res van die grond om die silo, sowat 40 000 m², wou ontwikkel. In die middel van daardie lap grond, wat uitstekend geleë is teen die see en die Waterfront, was " 'n verskriklike lelike gebou". Vanweë die silogebou se erfeniswaarde, sou hulle dit nie kon sloop nie.

Die silo's is in 1921 gebou en word sedert 2001 nie meer gebruik nie. Dit bestaan uit 42 silinders, is 57 m hoog en staan tussen die kloktoring en die toegangspad na Transnet se gebou.

"Daar was geen manier dat ons die grond kon ontwikkel terwyl hierdie geboue wat besig is om uitmekaar te val in die middel van alles staan nie."

Nuwe kantore vir die beleggingsfirma Allan Gray en wooneenhede is reeds op die aangrensende grond gebou, terwyl 'n nuwe Virgin Active-gimnasium, die land se eerste Radisson Red-hotel, nog wooneenhede en kantore vir die regsfirma Werksmans en die ouditfirma PwC nou gebou word en na verwagting teen Maart 2017 voltooi sal wees.

David Green, uitvoerende hoof van die Waterfront, sê R500 miljoen klink na baie geld om aan iets te bestee wat moontlik 'n verlies gaan ly, maar dit was belangrik om vooruit te dink oor wat mense in die toekoms na die Waterfront sal lok. Die waarde van die eiendom word nou op R14 miljard geraam.

Green sê die grinterigheid van die silo's bly behoue in die atrium, waar snitte in die vorm van graankorrels in die silo's gemaak is. Hy hoop die atmosfeer sal byna "soos in 'n katedraal" wees.

Die kuns gaan uitgestal word in tradisionele uitstalruimtes. Vertrekke met wit mure word hiervoor ingerig.

Die museum word ontwerp deur die internasionaal bekende Britse argitek en ontwerper Thomas Heatherwick. Die museum gaan 80 galerye, 18 opvoedkundige areas, bergingsgeriewe en 'n restourasiesentrum hê. Daar is ook lokale vir vertonings en rolprente, asook boekwinkels, 'n restaurant en koffiewinkel.

Green sê een van die belangrikste lesse wat hy en sy span geleer het, is dat dit belangriker is om te dink oor wat tussen geboue gebeur as in die geboue.

"Buite die museum gaan daar grasperke met bome en skaduwee wees waar mense kan gaan sit, en daarna van die een distrik na 'n volgende beweeg."